### *Die tweestryd van die fariseërs*

**237** **Julius** sê daarop: "Hmm, dit is vreemd vir `n man wat anders tog algemeen, en tereg, bekendstaan as `n streng eerlik en regverdige man!? Maar kan jy my dan ten minste nie gissenderwys vertel watter rede Julius mag gehad het om so streng teen julle op te tree nie? Want iets onregverdigs moet tog nog altyd op die een of ander wyse goedgemaak kan word, anders sou alle maatskaplike konneksies op hierdie aarde vir altyd verdwyn!"

[2] **Die jong fariseër** sê: "O, redes mag hy genoeg gehad het, maar uiteindelik kom dit alles daarop neer dat groot druk kan maak dat `n mens deur die mense baie maklik as misdadiger of minstens as van misdaad verdagte mens aangemerk kan word sonder dat jy dit uit eie vrye wil is! Julle gee tog in julle wette aan dat vir `n slegte en daarom strafbare daad `n volkome vrye, kwade wil aanwesig moet wees, wat bewys moet word. Anders sou `n mens ook diegene nog aan die kruis moet hang wat toevalligerwys van die dak af geval het en deur hierdie val `n kind wat onder die dak geslaap het, sou doodval!

[3] Ons jong fariseërs en leviete word juis deur die tempel byna nooit met `n eerbare doel op die eerlike mensdom afgestuur nie; ja, ons bring dikwels heimlik sulke ellendige tempelplanne na buite na die onskuldige mensdom toe dat ons dit self seker in die diepste van ons hart moet verfoei! Maar wat help dit alles?

[4] Ons lyk soos die soldate wat, in opdrag van hul veldhere, as vyande inval in `n land van `n volk wat op sigself heel rustig was en alles vernietig ter wille van `n geheime doel van die veldheer, waarvan die gewone soldaat miskien wel gedurende sy hele lewe glad geen kennis kry nie. Hy moet soos `n masjien te werk gaan wat, hoogstens as hy ongeskik word om verder te werk, êrens stom opgeberg word.

[5] Maar ek vind dat, as die tempel met haar gewetenlose geheime bedoelinge by die Romeine maar al te bekend staan as `n instituut waaruit misdaad op misdaad sowel teen die staat as teen die hele mensdom begaan word, dergelike regverdige Juliusse die kwaad dan liewer by die wortel moet gaan uitroei. Hy moet hom nie aanhoudend aan die takkies vergryp nie, wat, by Elohim, niks daaraan kan doen dat hulle uit so `n slegte stam in die lewe gekom het nie! - Dit is so `n bietjie my mening en ook van ons almal, soos wat ons hier is. Maak nou daarvan maar wat u wil, maar voor Elohim en elkeen en alle redelik denkende mense het ek gelyk!"

[6] **Julius** sê dan weer: "Ek is dit heeltemal met jou eens; iemand het julle in Genésaret blykbaar onregverdig behandel, en dit sal goedgemaak word. Maar `n mens sou julle nie so hard aangepak het as julle die huis van die daar wonende Ebahl nie so diktatoriaal binnegedring het nie! Maar laat ons dit maar met rus, want ook vir daardie gedrag kon julle van die tempel wel dwingende voorskrifte gehad het. Maar ek sou nou tog so, as vriend van die goeie saak, wel eers wil hoor met watter bedoeling julle dan oorspronklik deur die tempel na Násaret en Kapernaum gestuur is."

[7] **Die ondervraagde** antwoord: "Omdat u nou deur my openhartige bekentenis sou gesien het dat ons in ons hart allermins diegene is waarvoor ons veral deur die Romeine beskou word, kan ek u, omdat u `n vriend van al die goeie en ware skyn te wees, ook wel die geheime rede vertel. Kyk, in Jerusalem en veral in die tempel doen sterk gerugte die rondte dat daar in Galiléa `n man rondtrek wat `n nuwe anti-Judese, eintlik anti-tempelse, leer versprei en baie groot tekens doen ter bekragtiging van sy leer, sodat daar reeds, soos wat elkeen weet, selfs ou en tot nog toe deurwinterde fariseërs sy leer aangeneem het!

[8] Dat so `n man deur die tempel om gegronde redes nie met vriendelike oë aangekyk word nie, kan u uself wel indink. Ons is slegs daarvoor beëdig en vervolgens uitgestuur om naspeuring te doen of en wat daar dan presies met die genoemde man aan die gang is. As ons Hom sou vind, dan moes ons hom vir die tempel probeer wen of Hom **in die teenoorgestelde geval heimlik uit hierdie wêreld na die ander help**. - Wel dit was so in kort die eerbare plan van die tempel, waarvan ons die argelose en totaal onskuldige oorbrengers was.

[9] Dit spreek natuurlik vanself dat die bewuste, beslis heeltemal eerlike, goeie man nooit iets van ons te vrees sou gehad het nie, want as ons Hom sou gevind het, dan sou geen haar van Hom deur ons gekrenk word nie.

[10] Soos wat ons van baie kante gehoor het, moet Hy werklik `n buitengewone mens wees, vol waarheid, eerlikheid, goedheid en betroubaarheid - eienskappe wat ons by elkeen nog bo alles kan waardeer en ag. Kortom, as ons Hom êrens sou ontmoet en gevind het, dan sou die tempel van ons geen stomme woord daaroor gehoor het nie, want ons kan swyg soos die graf. Ook sou ons nooit probeer het om hom vir die tempel te wen nie, want die tempel en haar laaghede ken ons maar soos min ander. As ons egter in ons hart ook tot die eintlike tempelgespuis sou behoort het, dan sou ons hier, ondanks die bietjie genotvolle wyn, nie so openlik met u gepraat het nie.

[11] Ons was egter in die geheim van plan, afgesien van alles wat ons wêreldse familie dan ter wille van ons te wagte sou wees, om nou die tempel te ontvlug, want dit is nie meer daar uit te hou nie. Daarom het ons ook vernaamlik snags oor die water hierheen gekom, om van hier af moontlikerwys in Tirus of Sidon te kom en ons daar by Cyrenius bekend te stel en hom, omdat hy een van die wysste manne moet wees, ons nood voor te lê. Die meeste van ons het egter gemeen dat ons tog eerste via die kortste moontlik en beste pad na Jerusalem moes gaan om daar te probeer om van ons familie geld te kry vir `n voorgenome vrome sakereis, natuurlik ten behoewe van die tempel. Daarmee sou ons dan maklik `n reis na Tirus en Sidon, of selfs na Rome kon onderneem om ons doel te bereik. Maar ook moet ons daarvoor goeie reispasse in die hande kry, want sonder hierdie dinge kom jy in hierdie tyd haas nie verder sonder om in moeilikhede te raak nie. Sulke passe kos egter geld.

[12] Aan die een kant sou dit dus wel goed en nuttig gewees het om ons van huis uit geld te verskaf; maar ek en `n aantal ander het anders daaroor gedink en sê: As ons wegvlug van die tempel af, sal ons familie, dit wil sê ons ouers en broers en susters, tog al alle moontlike ongerief van die tempel moet verduur, en selfs die vervloekte water moet

drink. Daarom sou dit ten hemelskreiend onregverdig wees as ons hulle vooraf nog in 'n sekere sin geld sou afrokkel, waardeur hulle daarna skaars in staat sou wees om hulle in die uiterste geval vry te kan koop van die genot van die genoemde water. Want dit gebeur in die tempel dikwels dat die beskuldigdes die keuse kry tussen - natuurlik - baie geld of die vervloekte water, en nou word ook bykans altyd vir die geld gekies.

[13] Wel, dit is moeilik om vas te stel wat die beste gedoen kan word. Ekself was vir die 'nie huistoe gaan', vanweë die reeds genoemde redes en ook nog om `n rede, wat ek die belangrikste ag. As ons naamlik nou vooraf in Jerusalem nog met `n versinde, tempel-vroom voorwendsel geld gaan haal, sal dit sekerlik uitkom en dan tref ons almal onvermydelik die ergste tempelvloek met die vloek van ons familie daarby. Dan is ons geluk in die wêreld wel gemaak, Elohim erbarm Hom dan oor ons! As ons egter in die geheim gaan, dan sal die tempel en ons ouers dink dat ons êrens verongeluk het. Dan sal die tempel en ons families treur en vir ons bid en ons vir die hele lang ewigheid seën. - Wat dink u daarvan, u wat `n vriend skyn te wees van reg en waarheid? Wat is dan beter, en wat is nou volkome regverdig?"

### *`n Verwysing na naasteliefde*

**238** **Julius** sê: "Julle besluit geval my wel, maar die middele om dit uiteindelik deur te voer, geval my nie, omdat daar geen grond van waarheid in is nie. Dit is natuurlik wel so dat julle met die gebruik van die volle waarheid sowel by die middel as by die doel heeltemal nie sover sal kan kom soos wat jy vantevore bepaal het nie. Maar `n middeweg is ook nie so maklik te vinde nie. Laat my eers bietjie nadink, miskien vind ek so `n weg, waarop julle tog voor Elohim en voor die wêreld geregverdig sal wees!

[2] Julle tempeleed is volgens my seker die grootste hindernis. Hoe kan julle dit omseil? As ek dit ter wille van julle Elohim nie sou ag nie, sou dit my maar één woord geneem het, en dan sou julle voor Elohim en die hele wêreld vry gewees het van die juk van die tempel. Maar julle eed wat julle plegtig aan die tempel gesweer het verhinder my daartoe, en ek moet my daaroor beraad met die talle wyses wat aan my tafel sit. Dan sal ons wel sien hoe ons onsself uit hierdie regte Scylla en Charibdis* kan bevry." *[*tussen die duiwel en die diep blou see: H A T]*

[3] **Die jong fariseër** sê: "Doen dit, dan doen jy regtig `n goeie werk vir ons! Wees egter so vriendelik om my vooraf te sê wie nou eintlik die gaste aan jou tafel is, sodat ons aan hulle die toekomende eer kan bewys! Die ou meester moet `n baie vername Romein wees, of minstens `n baie ryk Griek!?"

[4] **Julius** sê: "Hou nou daaroor op, want vir dergelike mededelings sal daar môre nog meer as genoeg tyd wees! Nou wil ek my vir julle beswil liewer met die hoofsaak besig hou." Daarmee stel die jong man hom dan ook tevrede, en Julius wend hom toe ronduit tot My in die Romeinse taal, wat Ek ook verstaan, en sê: "Meester, wat sal in hierdie geval die beste wees? Geweld van my kant af sou alle ede en tempelwette wegvee, maar dan sou ek as verbreker van daardie plegtige gelofte optree, en die skuld van die eedbreuk sal dan op my val. Ek beskou natuurlik - onder ons gesê – ede wat vir die hou van kwade verpligtinge afgepers en, jammerlik genoeg, maar al te dikwels afgelê word, nie slegs as waardeloos nie, maar ek verag hulle diep, omdat Elohim vir die bestuur van valsheid en slegtheid as getuie en helper daarby aangeroep word. Maar die tempel te Jerusalem roep vrae op!

[5] Aan die een kant is sy tog, van ouds af aan vir alle Judeërs `n gewyde bid-, offer- en suiweringshuis, en word tot op hede deur meerdere duisendmaal duisende in daardie opsig vroom en gelowig gewy. Aan die ander kant egter word nou, soos wat elkeen maar al te goed weet, alle gruwele der gruwels daar op `n baie gewetenlose manier begaan, soos wat dit nêrens anders op aarde nie nog so voorkom nie. Slegs al uit daardie oogpunt sou ek dadelik elke gelofte algeheel wou verbreek en vernietig.

[6] Sê U vir my daarom wat hier vir Elohim en die mense volkome geregverdig is?! Want regtig, as alles so daar gaan soos hierdie mense my nou heel argeloos vertel het, dan het ek baie medelye met hierdie jongmanne, en sou ek hulle wil help."

[7] **Ek** sê: "Vroeër is daar tog alreeds uitgelê hoe `n mens die regte naasteliefde moet beskou. As jy dit verlang, en as jou hart dit ook wil, dan weet jy al alles. Bowendien het jy tog self nooit `n eed afgelê om die slegte geloftes van die tempel te eer nie. As jy dus deur geen eed op een of ander wyse aan die tempel gebonde is nie, wat sou jou dan verhinder om te doen wat vir jou goed en vir die doel dienstig lyk?

[8] Jy het tog al dikwels geweld gebruik teen groepe mense wat ook met ede aan hul ou sedes en gebruike gebonde was, en dit was selfs heel goed van jou. Want daar sit agter sulke ou sedes en gebruike maar al te dikwels groot geheime gruweldade. Sodoende kan jy ook hier heeltemal volgens jou regskape wil handel.

[9] Die Romeinse gesag hef elke onder eed gesweerde verpligting vir ewig op, en hierdie opheffing is ook geldig vir Elohim. Dit wil sê, as diegene wat onder eed staan self, heeltemal vry, insien dat, ten eerste sy eed teen sy wil afgedwing was, en ten tweede die eed `n sigbaar slegte doel beoog, en dat die aflê van die eed meer deur wêreldlike as deur goddelike wette bekragtig word.

[10] Om 'n op die manier deur `n kwade eed gevange mens uit die erge gevangenskap van satan te verlos, is dan selfs `n buitengewoon goeie werk van egte naasteliefde as dit `n mens raak wat deur gebrek aan insig hom deur sy gelowige gemoed nog gebonde geag het aan `n afgelegde eed. Hier, waar die betrokke jongmanne hierdie slegste eed ter wêreld volledig kan insien, is dit dus sekerlik goed. Doen jy daarom maar heeltemal na eie goeddunke, en My vriend Cyrenius sal jou daarby sekerlik sy hoogste hulp nie ontsê nie!"

[11] **Cyrenius** sê dadelik: "Nie slegs net ontsê nie, maar ek sal, sodat my Julius verder met nog meer gewetensvryheid kan asemhaal, hierdie dertig mense onder my jurisdiksie stel, en die tempel moet dan van my rekenskap eis!"

[12] Julius verheug hom baie oor hierdie antwoord van My en Cyrenius en almal verheug hulle oor hierdie goeie maatreël.